**Sondag 21 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17; HK Sondag 7, Antwoord 21**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:16**

## Ons aanvaar God se Woord vir waar

Daar was 'n tyd toe bykans al die reformatoriese kerke aanvaar het dat alles wat in God se Woord aan ons geopenbaar word, die waarheid is. Die laaste ongeveer twee eeue is dit egter nie meer die geval nie. Daar is lidmate van kerke en ook teoloë vir wie spesifiek die maagdelike geboorte van Christus en sy opstanding uit die dood onaanvaarbaar is, omdat dit menslik onmoontlik is dat so iets kan plaasvind. Dat God almagtig is en sulke dinge kan laat plaasvind, is vir hulle nie aanvaarbaar nie. As sulke kardinale sake egter as onwaar en onaanvaarbaar afgewys word, is die weg gebaan om die gesag van die Skrif as geheel te verwerp.

Daarteenoor bely ons dat die Bybel God se Woord is en dat alles wat daarin geopenbaar is, waar is en goddelike gesag het. Ons bely dit op grond van die getuienis van die Skrif self. So word in 2 Timoteus 3:16 gesê: *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer ..."* Petrus bevestig dit as hy sê: *"Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het die mense die woord wat van God kom, verkondig."* Juis daarom kan die Skrif nie op grond van menslike insig uitgelê word nie, maar moet dit onder die leiding van die Heilige Gees gedoen word (2 Pet. 1:20, 21). Die gesag wat die Skrif het, blyk ook uit Jesus se geding met die ongelowige Jode. Hy het aan hulle gesê: *"Die Vader wat My gestuur het, het ook oor My getuienis afgelê."* Dan sê Jesus: *"Julle ondersoek die Skrif omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig"* (Joh. 5:37-39). Dit beteken dat die getuienis van die Skrif oor Christus die getuienis van die Vader Self is. Daarom is dit vir ewig vas en seker en het dit goddelike gesag. Verder word op verskeie plekke in die Nuwe Testament uit die Ou Testament aangehaal met die opmerking: *"Die Heilige Gees sê/betuig/maak duidelik ..."* (vgl. Hand. 4:25 na Dawid in Ps. 2:1, 2; Heb. 3:7 na Ps. 95:7-11; Heb. 9:8 na Moses in Eks. 30:10 en Lev. 16:33, 34; Heb. 10:16 na Jer. 31:33). Ook hieruit is dit duidelik dat die Ou Testament beskou is as komende van God en deur die Heilige Gees geïnspireer. Uit 2 Petrus 3:2 en 3:15, 16 kan afgelei word dat die briewe van Paulus gebundel is en dat dit net soos die Ou Testament as norm vir die geloof aanvaar is.

In die lig van hierdie uiteensetting kan ons saam met die NGB Artikel 7 verklaar: "Ons glo dat die Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word."